

Voorkom só dat lammers verhonger en verkleum

Die komitee verantwoordelik vir die koördinerings van veesorg het 'n inligtingstuk saamgestel vir die behandeling van hipotermie (verkleuming) en hipoglukemie (verhongering) in baie jong lammers. Hier is van die belangrikste aspekte.

SOOS met alle toestande, is voorkoming die beste genesing as dit kom by verkleuming en verhongering. Goeie voeding tydens dragtigheid, 'n goeie omgewing waar die ooi kan geboorte skenk, 'n bewustheid van die weer, waarneming van die ooi en lam tydens die geboorteproses en bystand waar nodig sal baie help om lamverliese van weë verkleuming te voorkom.

Hipotermie: Herkenning en behandeling

Die beste manier om verkleuming te identifiseer, is deur die lam se rektale temperatuur te neem en sy optrede waar te neem. Die normale temperatuur van 'n lam is 39-40 °C. Dit is belangrik om die rektale temperatuur van enige lammer na te gaan wat lusteloos en swak is, en onwillig of onmagtig is om te suig.

Hoe gouer daar opgetree word, hoe beter is die lam se kans op oorlewing.

Die grondslag van die behandeling van die hipotermiese lam is om dit warm te maak en 'n bron van energie te voorsien sodat dit self weer kan begin om hitte te produseer.

Matige hipotermie

Matige verkleuming kom voor wanneer die lam se temperatuur 37-39 °C is en dit lyk asof die lam swak en depressief is en

nie gevoed het nie, maar steeds kan staan.

Stappe wat in sulke gevalle gedoen moet word, sluit in om die lam na 'n skuiling te verskuif en dit droog te maak as dit nat is. Biesmelk moet deur 'n maagbuis toegedien word (voer 50 ml/kg liggaamsgewig stadig – oor 5-10 minute) en gee 'n bykomende 200 ml/kg liggaamsgewig oor drie verdere voedings binne die eerste 24 uur.

Die lam kan by die ooi gehou word mits sy in 'n beskutte gebied is en die lam aan haar suig.

Sodra die lam se rektale temperatuur na normaal terugkeer, kan die lam en ooi terugkeer na die kudde.

Klein lammers (ligter as 1,5 kg by geboorte) het nie voldoende vetreserwes om die proses van hitteproduksie te begin nie, selfs al kry hulle biesmelk in. Dié klein lammers moet, bykomend tot die biesmelk, 50 ml/kg van 'n 20%-dekstrose-oplossing een uur ná die kolostrum-voeding deur 'n maagbuis ontvang.

Lammers wat minder as 2 kg weeg, behoort twee tot vier dae lank wol-onderhemde te dra.

Matige tot hewige hipotermie

Matige tot hewige verkleuming kom voor teen temperature laer as 37 °C. Dié temperatuur by lammers ouer as vyf uur, wys die lam is uitgehonger

(hipoglukemies) en verkleum.

Hulle behoort nie verhit te word voor kolostrum of glukose toegedien is nie. Lammers met 'n suigrefleks kan met 'n buis gevoed word, maar lammers sonder 'n suigrefleks sal met intraperitoneale dekstrose opgewek moet word en verhit word voordat voeding deur 'n buis toegedien word.

As 'n lam se temperatuur laer as 37 °C is en dit jonger as vyf uur is met 'n suigrefleks, sal dit tipies swak, ongevoed en depressief wees. Dit sal ook nie kan staan nie.

Die lam moet van die ooi verwyder word, drooggemaak word indien dit nat is en in 'n verwarmingshouer geplaas word tot sy rektale temperatuur hoër is as 37 °C.

Warm kolostrum (50 ml/kg liggaamsgewig) moet deur 'n maagbuis toegedien word en bykomende voeding van 200 ml/kg moet oor drie verdere voedings binne die eerste 24 uur gegee word.

Dit is die beste om die lam na die hospitaalkraal met 'n hittebron te verskuif en die lam te voer totdat dit sterk is en daartoe in staat is om 'n normale temperatuur van 39 °C te handhaaf.

Sodra die lam sterk is, kan hy teruggeplaas word by die ooi.

As 'n lam se temperatuur laer as 37 °C teen vyf uur oud is, moet daar aanvaar word dat die lam geen vetreserwes het nie en uitgehonger is.

Die eienaar moet 'n energiebron voorsien voor die lam warm gemaak word.

Die lam moet van die ooi ver-

wyder word en drooggemaak word. Biesmelk moet deur 'n maagbuis toegedien word, maar die lam moet 50 ml/kg liggaamsgewig ontvang vóór die melk verhit word. Warm biesmelk sal stuiptrekkings veroorsaak en die lam kan vrek.

Die lam moet dan in 'n verwarmingshouer geplaas word totdat sy rektale temperatuur hoër as 37 °C is.

Warm biesmelk moet weer deur die maagbuis toegedien word. Voer 50 ml/kg liggaamsgewig en voer bykomend 200 ml/kg liggaamsgewig oor drie verdere voedings in die eerste 24 uur.

Die lam moet na 'n hospitaalkraal met 'n hittebron verskuif en gevoer word totdat dit sterk genoeg is en in staat is om 'n normale temperatuur van 39 °C te handhaaf.

In gevalle waar die lam se temperatuur laer as 37 °C is op vyf uur oud en dit nie daartoe in staat is om te sluk nie, moet daar nie probeer word om van 'n maagbuis gebruik te maak nie aangesien dit daartoe sal lei dat die melk/biesmelk in die longe beland en die lam sal vrek.

Die lam moet eers met in steriele oplossing van warm 20% dekstrose ingespuut word teen 'n dosis van 10 ml/kg liggaamsgewig, waarna dit in 'n verhitingshouer geplaas moet word tot die lam se temperatuur hoër as 37 °C is.

Sodra die lam herstel het en 'n suigrefleks toon, moet warm biesmelk deur 'n maagbuis toegedien word. Plaas die lam terug by die ooi. **LBW**



HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.

BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF.

RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY TEL. 012 349 1102

E-POS: rpo@lantic.net | WEBWERF: www.rpo.co.za